Sample Label

BAYER

# Alion® TOTAL

**5 l**

## Herbicide

A herbicide formulated as a suspension concentrate for the control of certain broadleaf and grass weeds in ratoon sugarcane.

contains:
Indaziflam (Alkylazine)
Isoxaflutole (Isoxazole)




RSA/1122/Alion Total 5L/Sales Panel
Code: ZA85843532C




# Alion® TOTAL

SEE ENCLOSED PAMPHLET FOR FULL PARTICULARS

Reg. No. L10329 (Act No. 36 of 1947)

**A herbicide formulated as a suspension concentrate for the control of certain broadleaf and grass weeds in ratoon sugarcane.**

SIEN INGESLOTE PAMFLET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE

Reg. Nr. L10329 (Wet Nr. 36 van 1947)

**'n Onkruiddoder geformuleer as 'n suspensie konsentraat vir die beheer van sekere breëblaar- en grasonkruide in oorstaanriet.**

| | | |
|---|---|---|
| **GROUP / GROEP** | **L29** | **HERBICIDE / ONKRUIDDODER** |
| **GROUP / GROEP** | **$F_2$** | **HERBICIDE / ONKRUIDDODER** |



**WARNING**

**HAZARD STATEMENTS:**
Harmful if swallowed or inhaled. Suspected of damaging the unborn child. May cause damage to organs (Nervous system) if swallowed. May cause damage to organs (Nervous system) through prolonged or repeated exposure if swallowed. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.
Contains 1,2-benzisothiazolin-3-one. May produce an allergic reaction.
**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**
Do not breathe dust/ fume/ gas/ mist/ vapours/ spray.
Wear protective gloves/ protective clothing/ eye protection/ face protection.

**Active ingredient:**
Indaziflam (Alkylazine)................................ 150 g/ℓ
Isoxaflutole (Isoxazole)............................... 450 g/ℓ

**Aktiewe bestanddeel:**
Indaziflam (Alkylazine).............................. 150 g/ℓ
Isoxaflutole (Isoxazole)............................... 450 g/ℓ

**REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:** Bayer (Pty) Ltd / (Edms) Bpk
Reg. 1968/011192/07
P.O. Box/Posbus 143, Isando, 1600 South Africa/Suid-Afrika
TEL: (OFFICE HOURS) / (KANTOORURE) (011) 921 5911
**IN CASE OF POISONING PLEASE PHONE / IN GEVAL VAN VERGIFTIGING SKAKEL ASSEBLIEF :** 0861 555 777

**Alion**® is a registered trademark of the Bayer Group.
**Alion**® is 'n geregistreerde handelsmerk van die Bayer Groep.
© Bayer (Pty) Ltd

BATCH NUMBER / LOTNOMMER: See on pack
DATE OF MANUFACTURE / DATUM VERVAARDIG: Sien op houer

UN No. / VN Nr.: 3082

Bayer

RSA/0724/Alion Total 5L/
Back Booklet Code: ZA85770772D

**LIFT HERE**

**WARNINGS:**

**HAZARD STATEMENTS:**
- Harmful if swallowed or inhaled.
- Suspected of damaging the unborn child.
- May cause damage to organs (Nervous system) if swallowed.
- May cause damage to organs (Nervous system) through prolonged or repeated exposure if swallowed.
- Very toxic to aquatic life with long lasting effects.
- Contains 1,2-benzisothiazolin-3-one. May produce an allergic reaction.

**DO NOT USE PLANTS FROM TREATED SUGARCANE WITHIN 250 DAYS AFTER APPLICATION.**
Store in a cool place, away from food, feed, seed or other agricultural remedies.
Keep out of reach of children, uninformed people and animals.
Re-entry - Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

Although **Alion Total** has been tested on most important cultivars and no significant phytotoxicity in the form of yield reduction has been recorded under normal growing conditions, this does not mean that a more sensitive cultivar might not be commercialized in the future. Where a new cultivar is encountered, large areas should not be sprayed without prior testing of **Alion Total** on that cultivar.

**ALTHOUGH THIS REMEDY HAS BEEN EXTENSIVELY TESTED UNDER A LARGE VARIETY OF CONDITIONS THE REGISTRATION HOLDER DOES NOT WARRANT THAT IT WILL BE EFFICACIOUS UNDER ALL CONDITIONS BECAUSE THE ACTION AND EFFECT THEREOF MAY BE AFFECTED BY FACTORS SUCH AS ABNORMAL SOIL, CLIMATIC AND STORAGE CONDITIONS, QUALITY OF DILUTION WATER, COMPATIBILITY WITH OTHER SUBSTANCES NOT INDICATED ON THE LABEL AND THE OCCURRENCE OF RESISTANCE OF THE WEEDS TO THE REMEDY CONCERNED AS WELL AS BY THE METHOD, TIME AND ACCURACY OF APPLICATION. THE REGISTRATION HOLDER FURTHERMORE DOES NOT ACCEPT RESPONSIBILITY FOR DAMAGE TO CROPS, VEGETATION, THE ENVIRONMENT OR HARM TO MAN OR ANIMAL OR FOR LACK OF PERFORMANCE OF THE REMEDY CONCERNED DUE TO FAILURE OF THE USER TO FOLLOW THE LABEL INSTRUCTIONS OR TO THE OCCURRENCE OF CONDITIONS WHICH COULD NOT HAVE BEEN FORESEEN IN TERMS OF THE REGISTRATION. CONSULT THE SUPPLIER IN THE EVENT OF ANY UNCERTAINTY.**

**PRECAUTIONS:**

**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**
- Do not breathe dust/ fume/ gas/ mist/ vapours/ spray.
- Wear protective gloves/ protective clothing/ eye protection/ face protection.

Wash with soap and water after use or skin contact.
Remove soiled clothing immediately and clean thoroughly before using again.
Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying or before washing hands and face and changing clothes.
Get medical advice/attention if you feel unwell.
Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or other areas not under treatment.
Prevent contamination of food, eating utensils, feed and drinking water.
Clean all equipment thoroughly after use and do not pollute the environment with wash water.
Do not apply where the roots of desirable plants might absorb the chemical.
Rinse the pre-mix container well.
Destroy the original container which contained **Alion Total** by puncturing and burning it. Do not use the container for any other purpose.

**USE RESTRICTIONS:**

1. To avoid damage to follow-up crops the following waiting period should be applied between application of **Alion Total** and planting:
   **SUGARCANE.............................. 12 MONTHS**
   **ALL OTHER CROPS................. DO NOT APPLY IN THE SEASON BEFORE REMOVAL OF THE SUGARCANE**
   **NOTE:** The abovementioned waiting periods will only be valid if the correct quantity of **Alion Total** has been applied according to the soil type and an average or above-average rainfall has occurred during and after the season in which **Alion Total** was applied. Test planting is always recommended.
2. Where **Alion Total** is applied to soils which expand when wetted and crack or crumble upon drying, **Alion Total** may remain active in the soil for much longer than the above waiting periods might indicate. Therefore **Alion Total** must not be used on such soils if it is intended to plant isoxazole-sensitive crops in the foreseeable future.
3. Avoid double application, e.g., overlapping spray swaths.
4. Do not use on stony soil.
5. Do not use on plant cane.
6. Do not use on soils that contain less than 10 % clay.

**RELEVANT SUBSTANCES:**

| **Formulation inert** | **CAS Number** | **Conc. (%)** |
|---|---|---|
| Isoxaflutole | 141112-29-0 | 36,6 |
| Indaziflam | 950782-86-2 | 12,2 |
| 1,2-Benzisothiazol-3(2H)-one | 2634-33-5 | >0,005 – <0,05 |

**RESISTANCE WARNING:**

**Alion Total** contains members of the isoxazole and alkylazine group of herbicides. The mode of action of **isoxaflutole** is the inhibition of the 4-HPPD enzyme and as such it is classified by HRAC as a Group Code $F_2$ herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **isoxaflutole** and other Group Code $F_2$ herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **isoxaflutole** or any other Group Code $F_2$ herbicides. The mode of action of **indaziflam** is a Cellulose biosynthesis inhibitor and is classified as a Group Code L29 herbicide by HRAC. It inhibits crystalline cellulose deposition in the plant cell wall. This action severely affects cell wall formation as well as cell elongation and division. Consequently only actively growing meristematic root and shoot tissues will be affected, hence germinating weed seeds die before emerging. Any weed population may contain or develop plants naturally resistant to **indaziflam** and other Group Code L29 herbicide. The resistant biotypes may dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **indaziflam** or any other Group Code L29 herbicide.

Since the presence of resistant weeds is difficult to detect prior to herbicide application, it is of the utmost importance that treated areas be inspected at regular intervals to identify the occurrence of herbicide-resistant weeds timeously. Bayer (Pty) Ltd will not accept liability for performance failures in the event of a build-up of resistant weeds resulting from inadequate resistance management practices as indicated on the label.

To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive, repeated use of herbicides from the same herbicide Group Code. Alternate or tank mix with products from different herbicide Group Codes.
- Integrate other control methods [chemical, cultural, biological] into weed control programmes.

**For specific information on resistance management contact your local Bayer CropScience representative.**

**<u>DIRECTIONS FOR USE:</u>** USE ONLY AS DIRECTED

**<u>COMPATIBILITY:</u>**
Compatibility studies have not been conducted with **Alion Total** in combination with other products.

**DO NOT MIX ALION TOTAL WITH ANY OTHER PRODUCTS.**

**<u>MIXING AND APPLICATION INSTRUCTIONS:</u>**
**USE THE SPRAY MIXTURE WITHIN 6 HOURS AFTER MIXING**

Half fill the spray tank with water. Add the pre-mix to the tank. Add the **Alion Total** to the tank at this stage and then top up with water. Keep the chemical in continuous suspension by means of agitation. After each day's spraying flush the tank out thoroughly with water. For optimum results spray as soon as possible after mixing. Accurately calibrate spray equipment prior to application. Use fan type nozzles to ensure a uniform coverage. Apply onto a clod-free surface. Use 200-300 ℓ water per ha for overall application.

**<u>APPLICATION TABLE:</u>**

| CROP | SOIL CLAY PERCENTAGE | APPLICATION RATE PER HECTARE | REMARKS |
|---|---|---|---|
| **SUGARCANE Ratoon cane only**<br><br>**(Dryland and irrigated)** | All soils above 10% Clay | 333 mℓ **Alion Total** | Apply pre-emergence of the weeds. |

**<u>BROADLEAF WEEDS CONTROLLED:</u>**

| | |
|---|---|
| *Ageratum conycoides (=A. conyzoides)* | billy goat weed |
| *Amaranthus deflexus* | perennial pigweed (from seed) |
| *A. hybridus* | common pigweed |
| *A. spinosus* | spiny pigweed |
| *A. thunbergii* | red pigweed |
| *Apium leptophyllum* | wild celery |
| *Bidens pilosa* | common blackjack |
| *Chenopodium album* | white goosefoot |
| *C. carinatum* | green goosefoot |
| *Conyza bonariensis (=Erigeron bonariensis)* | horseweed |
| *C. sumatrensis (albida)* | tall fleabane |
| *Convolvulus sagitattus* | bindweed |
| **Datura ferox* | large thorn apple |
| **D. stramonium* | thorn apple |
| *Euphorbia hirta* | red milkweed |
| *E. heterophylla* | wild poinsettia |
| **Flaveria bidentis* | smelter's bush |
| *Gnaphalium luteo-album* | jersey cudweed |
| *G. pennsylvanicum* | Gnaphalium |

**BROADLEAF WEEDS CONTROLLED (cont.):**

| | |
|---|---|
| *Hibiscus trionum* | bladder weed |
| *Hypochoeris radicata* | hairy wild lettuce |
| *Ipomoea obscura* | small white morning glory |
| **Parthenium hysterophorus* | bastard feverfew |
| *Portulaca oleracea* | purslane |
| *Richardia brasiliensis* | tropical Richardia |
| *Schkuhria pinnata* | dwarf marigold |
| **Senecio madagascariensis* | ragwort |
| *Sesamum triphyllum* | wild sesame |
| *Sida cordifolia* | heartleaf Sida |
| *S. spinosa* | spiny sida |
| *Solanum nigrum* | nightshade |
| *Tagetes minuta* | khaki weed |

**GRASS WEEDS CONTROLLED:**

| | |
|---|---|
| *Chloris virgata* | feather top chloris |
| *Digitaria sanguinalis* | crab finger-grass |
| *D. ternata* | black seed finger-grass |
| *Eleusine indica* | goose grass |
| *Panicum maximum* | common buffalo grass |
| *Panicum schinzii (=P. laevifolium)* | sweet buffalo grass |
| **Paspalum dilatatum* | common Paspalum |
| *Rottboelia exaltata (= R. cochinensis)*** | Itch grass |
| **Urochloa mosambicensis* | bushveld herringbone grass |

* Later flushes of these weeds may not be adequately controlled.
** Suppression only

**NOTE:** Other weed species that were not present during the development trials with the product, may also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for unlisted weeds.

**NOTES:**
1. The spray mixtures standing for long periods of time could result either in chlorosis of the sugarcane (if sprayed onto the foliage) or in reduced residual efficacy, or both. Chlorosis symptoms are of a transitory nature and yield will not be affected significantly.
2. Application could induce chlorosis, which is transient in nature and should not affect yield.
3. Sugarcane under any form of stress is more likely to display chlorosis after **Alion Total** applications. The greater and more sustained the stress factor, the longer the plant will take to grow out of the symptoms.
4. The use of **Alion Total** on newly limed soil could cause crop chlorosis.
5. If **Alion Total** is mixed with water containing high levels of chlorine, its efficacy may be reduced.
6. Do not add any adjuvants to the spray mixture.

© Bayer (Pty) Ltd. All unauthorized reproduction of this label is forbidden.

Bayer

**WAARSKUWINGS:**

**GEVAARVERKLARINGS:**

- Skadelik indien ingesluk of ingeasem.
- Vermoede dat dit vrugbaarheid of die ongebore kind beskadig.
- Mag skade aan organe veroorsaak (senuweestelsel) indien ingesluk.
- Mag skade aan organe veroorsaak (senuweestelsel) deur langdurige of herhaalde blootstelling indien ingesluk.
- Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.
- Bevat 1,2-benzisothiazolin-3-one. Mag allergiese reaksie veroorsaak.

**MOET NIE PLANTE VAN BEHANDELDE RIET GEBRUIK BINNE 250 DAE NA TOEDIENING NIE.**
Berg in 'n koel plek, weg van voedsel, voer, saad of enige ander landboumiddels.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere
Herbetreding - Moenie behandelde gebied binnegaan alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel **Alion Total** op die meeste belangrike kultivars getoets is, met geen betekenisvolle simptome van fitotoksisiteit in die vorm van oesverlagings, onder normale groeitoestande nie, beteken dit nie dat 'n meer vatbare kultivar nie in die toekoms gekommersialiseer kan word nie. Waar 'n nuwe kultivar teëgekom word, moet groot areas nie behandel word voordat **Alion Total** op daardie kultivar getoets is nie.

**ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEïNVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE GROND-, KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE, KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE ONKRUIDE TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAATHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR 'N GEBREK AAN PRESTASIE VAN DIE BETROKKE MIDDEL AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.**

**VOORSORGMAATREËLS:**

**VOORSORGSVERKLARINGS:**

- Moet nie poeier/walm/gas/stuifsel/dampe/spuitstof inasem nie.
- Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming.

Was met seep en water na gebruik of velkontak.
Verwyder vuil klere onmiddelik en was dit deeglik voordat dit weer gebruik word.
Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.
Verkry mediese advies/hulp indien siek voel.
Voorkom die oorwaai van spuitstof na ander gewasse, plantegroei, weiding, en areas wat nie onder behandeling is nie.
Verhoed besoedeling van voedsel, eetgerei, voer en drinkwater.
Maak alle apparaat deeglik skoon na gebruik en moenie die omgewing met spoelwater besoedel nie.
Moenie toedien waar die wortels van gewensde plante die middel mag opneem nie.
Spoel die voorafmeng-houer deeglik uit.

Vernietig die oorspronklike houer wat **Alion Total** bevat het deur gate daarin te maak en te verbrand. Moenie die houer vir enige ander doel gebruik nie.

**GEBRUIKSBEPERKINGS:**

1. Om skade aan opvolggewasse te voorkom moet die volgende wagperiodes gehandhaaf word tussen **Alion Total** toediening en plant:
   **SUIKERRIET................................ 12 MAANDE**
   **ALLE ANDER GEWASSE....... MOENIE TOEDIEN GEDURENDE DIE SEISOEN VOOR DIE VERWYDERING VAN DIE SUIKERRIET NIE**
   **NOTA:** Bogenoemde wagperiodes geld slegs indien die korrekte hoeveelheid **Alion Total** volgens grondsoort toegedien was en normale- of bo-gemiddelde reënval gedurende die seisoen, waarin **Alion Total** toegedien is en daarna, voorgekom het. Toetsaanplanting word altyd aanbeveel.
2. Waar **Alion Total** toegedien is op gronde wat uitsit tydens natwording en kraak of krummel tydens uitdroging soos bv. turfgronde, mag die **Alion Total** veel langer aktief bly in die grond as wat deur bostaande wagperiodes aangedui word. Gevolglik moet **Alion Total** nie op sodanige grond toegedien word indien daar beoog word om isoksasool-gevoelige gewasse in die voorsienbare toekoms daarop te plant nie.
3. Vermy dubbelbespuitings, bv., oorvleueling van spuitbane.
4. Moenie op klipperige grond gebruik nie.
5. Moenie op plantriet gebruik nie.
6. Moenie gebruik op grond wat minder as 10 % klei bevat nie.

**RELEVANTE STOWWE:**

| Formulation inert | CAS Number | Conc. (%) |
|---|---|---|
| Isoxaflutole | 141112-29-0 | 36,6 |
| Indaziflam | 950782-86-2 | 12,2 |
| 1,2-Benzisothiazol-3(2H)-one | 2634-33-5 | >0,005 – <0,05 |

**WEERSTANDSWAARSKUWING:**

**Alion Total** insluit lede van die alkylazine en die isoksasool-groep van onkruiddoders. Die metode van werking van **isoksaflutool** hierdie groep is die inhibering van die 4-HPPD ensiem en as sulks word dit deur HRAC as 'n Groepkode $F_2$ onkruiddoder geklassifiseer. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **isoksaflutool**, of enige ander Groepkode $F_2$ onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal moontlik nie deur **isoksaflutool** of enige ander Groepkode $F_2$ onkruiddoder, beheer word nie. Die metode van werking van **indaziflam** is 'n Sellulose Biosintese Inhibeerder en is as 'n Groepkode L29 onkruiddoder deur HRAC geklassifiseer. Dit inhibeer kristallyne sellulose afsetting in die plant selwand. Hierdie aksie het 'n ernstige invloed op selwand vorming sowel as verlenging en verdeling van selle. Gevolglik word slegs aktief groeiende meristematiese wortel- en stamweefsel beïnvloed, vandaar sterf ontkiemende onkruid saad voor opkoms. Enige onkruid populasie mag plante insluit of ontwikkel wat 'n natuurlike weerstand teen **indaziflam** of enige ander Groepkode L29 onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal moontlik nie deur **indaziflam** of enige ander Groepkode L29 onkruiddoder, beheer word nie.

Aangesien die voorkoms van weerstandbiedende onkruide moeilik is om te bepaal voor onkruiddodertoediening plaasvind, is dit uiters noodsaaklik dat behandelde gebiede met gereelde intervalle ondersoek word om weerstand vroegtydig te identifiseer. Bayer (Edms) Bpk. sal nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige gebrek aan prestasie in die geval van die opbou van weerstand in die onkruidpopulasie as gevolg van onvoldoende onkruidbestandheidsbestuur soos aangedui op die etiket nie.

Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe, herhaaldelike gebruik van onkruiddoders in dieselfde onkruiddodergroepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

**Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak u naaste Bayer CropScience verteenwoordiger.**

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

**VERENIGBAARHEID:**

Verenigbaarheidstudies van **Alion Total** in kombinasie met ander produkte was nie gedoen nie.

**MOENIE ALION TOTAL MET ANDER PRODUKTE VERMING NIE.**

**MENG- EN TOEDIENINGSINSTRUKSIES:**
**GEBRUIK DIE SPUITMENGSEL BINNE 6 UUR NA VERMENGING**

Maak 'n mengsel vooraf met die aanbevole hoeveelheid **Alion Total** en 'n paar liter skoon water in 'n aparte houer. Maak die spuittenk halfvol met water. Voeg die voorafgemengde mengsel by die spuittenk. Voeg dan die ander aanbevole onkruiddoder by en vul die tenk verder met water. Hou die middel in die spuittenk voortdurend in suspensie deur roering. Aan die einde van die dag se bespuiting moet die spuittenk deeglik met water uitgespoel word. Vir optimale resultate moet toediening so gou moontlik na vermenging plaasvind. Kalibreer spuittoerusting noukeurig voor toediening. Gebruik waaiertipe spuitpunte om 'n eweredige bedekking te verseker. Dien toe op die grondoppervlak wat vry is van kluite. Vir algehele toediening gebruik 200-300 ℓ water per ha.

**TOEDIENINGSTABEL:**

| GEWAS | GROND KLEI PERSENTASIE | TOEDIENINGSHOE-VEELHEID | OPMERKINGS |
|---|---|---|---|
| **SUIKERRIET Slegs oorstaanriet**<br><br>**(Droeland en besproeing)** | Grond klei bo 10% | 333 mℓ **Alion Total** | Dien voor-opkom van die onkruide toe. |

**BREËBLAARONKRUIDE BEHEER:**

| | |
|---|---|
| *Ageratum conycoides (=A. conyzoides)* | indringer-Ageratum |
| *Amaranthus deflexus* | meerjarige misbredie (wat van saad groei) |
| *A. hybridus* | gewone misbredie |
| *A. spinosus* | doringmisbredie |
| *A. thunbergii* | rooimisbredie |
| *Apium leptophyllum* | wildeseldery |
| *Bidens pilosa* | knapsekêrel |
| *Chenopodium album* | withondebossie |
| *C. carinatum* | groenhondebossie |
| *Conyza bonariensis (=Erigeron bonariensis)* | kleinskraalhans |
| *C. sumatrensis (albida)* | vaalskraalhans |
| *Convolvulus sagitattus* | bobbejaantou |
| **Datura ferox* | grootstinkblaar |
| **D. stramonium* | stinkblaar |
| *Euphorbia hirta* | rooimelkkruid |
| *E. heterophylla* | wilde poinsettia |
| **Flaveria bidentis* | smeltersbossie |
| *Gnaphalium luteo-album* | roerkruid |
| *G. pennsylvanicum* | Gnaphalium |
| *Hibiscus trionum* | terblansbossie |
| *Hypochoeris radicata* | harige skaapslaai |
| *Ipomoea obscura* | wildepatat |
| **Parthenium hysterophorus* | Demoinabossie |
| *Portulaca oleracea* | porslein |
| *Richardia brasiliensis* | tropiese Richardia |
| *Schkuhria pinnata* | kleinkakiebos |
| **Senecio madagascariensis* | gifbossie |
| *Sesamum triphyllum* | wildesesam |
| *Sida cordifolia* | hartblaartaaiman |
| *S. spinosa* | stekeltaaiman |
| *Solanum nigrum* | nastergal |
| *Tagetes minuta* | kakiebos |

**GRASONKRUIDE BEHEER:**

| | |
|---|---|
| *Chloris virgata* | witpluim-Chloris |
| *Digitaria sanguinalis* | kruisvingergras |
| *D. ternata* | swartsaadvingergras |
| *Eleusine indica* | jongosgras |
| *Panicum maximum* | gewone buffelsgras |
| *Panicum schinzii (=P. laevifolium)* | soet buffelsgras |
| **Paspalum dilatatum* | gewone Paspalum |
| *Rottboelia exaltata (= R. cochinensis)*** | Tarentaalgras |
| **Urochloa mosambicensis* | bosveldbeesgras |

* Laat stuwings van hierdie onkruide sal nie voldoende beheer word nie.
** Slegs onderdrukking

**NOTA:** Ander onkruidspesies wat nie tydens die ontwikkelingsproewe met die middel voorgekom het nie, kan moontlik in 'n meerdere of mindere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruide nie.

**NOTAS:**

1. Spuitmengsels wat vir lang periodes staan mag of vergeling van die suikerriet (indien op die blare gespuit) of verkorte residuele effektiwiteit, of beide, veroorsaak.
2. Toediening mag chlorose veroorsaak, wat tydelik van aard is en behoort nie die opbrengs te beïnvloed nie.
3. Suikerriet wat onder enige vorm van stremming is sal meer geneig wees om vergeling van die blaarrandte te wys na **Alion Total** toedienings. Hoe groter en langduriger die faktor wat die stremming veroorsaak, hoe langer sal die plant neem om die simptome te ontgroei.
4. Die gebruik van **Alion Total** op pas bekalkte grond kan 'n hoë mate van gewasvergeling veroorsaak.
5. Indien **Alion Total** met water vermeng word wat hoë vlakke van chloor bevat, kan die middel se effektiwiteit verminder word.
6. Moenie bevorderingsmiddels by die spuitmengsel voeg nie.

© Bayer (Edms) Bpk.  Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.

Bayer